AFRIKAANS

Die Publiek se Gids

# #RSABUDGET2019

www.treasury.gov.za | RSA Budget | #RSABudget2019 'n Gesamentlike publikasie van die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

ISSUED BY
national treasury
Department:
National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: (012) 315 5757
www.treasury.gov.za

INFO

## WAT IS DIE BEGROTING?

Die Minister van Finansies kondig jaarliks, gedurende Februarie, die regering se bestedings, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

## HOE DIE BEGROTING OPGESTEL WORD?

1. Departementele riglyne wat aandui watter begrotingsinligting vereis word , word uitgereik
2. Departemente prioritiseer hulle programme, stel bestedingsplanne en verbintenisse tot dienslewering op
3. Begrotingsvoorstelle word by die Tesourie ingedien en oorweeg
4. Interdepartementele komitees van Direkteurs-Generaal oorweeg voorstelle vir toekenning van fondse
5. Hulle maak aanbevelings aan die Ministersbegrotingskomitee
6. Die Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring gee 'n aanduiding van die komende begroting
7. Finale toekennings word deur die Kabinet gemaak
8. Begrotingsdokumente word voorberei
9. Hoofbegroting word ter Tafel gelê
10. Parlement debateer en aanvaar die Begroting
11. Stuur na die President vir ondertekening om dit 'n Wet te maak



# KONFRONTEER ONS UITDAGINGS EN HERBOU VERTROUE

**Die regering tree op om die ekonomie om te draai en die openbare finansies op die langtermyn volhoubaar te maak.**


Hervormings om belegging en groei in mynbou, toerisme en telekommunikasie te verhoog, is onderweg. Nuwe vennootskappe met die privaatsektor het tot groot beleggingsverpligtinge gelei. Op grond van hierdie stappe sit die 2019 Begroting breë maatreëls uiteen om vertroue te bevorder, ekonomiese groei te bevorder en openbare skuld te stabiliseer.

- Die regering het met hervormings by staatsbeheerde maatskappye soos Eskom begin, om die bestuur en bedrywighede te versterk. Die hervormings by Eskom het ten doel om elektrisiteitsvoorsiening te verbeter, wat op sy beurt belegging en groei ondersteun.
- Pogings om die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) te herbou, is aan die gang, insluitend die aankondiging van 'n nuwe kommissaris. Die hervorming van die SAID is noodsaaklik aangesien hulle vertrou word met die invordering van belasting namens die regering.
- Die regering het onderneem om in vennootskap met die privaatsektor en ontwikkelingsfinansieringsinrigtings, kostes te verminder en die standaard van maatskaplike en ekonomiese infrastruktuur re verbeter.

Die 2019 Begroting gaan voort om leer en kultuur, maatskaplike ontwikkeling, gesondheid en gemeenskapsontwikkeling te prioritiseer. Befondsing is opsy gesit vir openbare vervoer, skoolinfrastruktuur, en die herlewing van townships en industriële parke.

Sedert die 2018 MTBPS, is ekonomiese groei afwaarts aangepas met groei wat nou na verwagting van 1,5 persent in 2019 na 2,1 persent in 2021 sal toeneem. In die lig van die verswakte ekonomiese omgewing en die groot steun wat Eskom benodig, stel die begroting van 2019 addisionele fiskale maatreëls voor om uitgawes te verminder en skuld te stabiliseer. Eskom is onder ernstige finansiële druk en sal R23 miljard per jaar oor die mediumtermyn benodig. Om hierdie kostes te verreken, sal ander begrotingsbasislyne met R50.3 miljard oor die volgende drie jaar verminder word, hoofsaaklik van besteding op salarisse. 'n Bykomende R25 miljard sal oor die volgende twee jaar deur belasting ingevorder word.

Ten spyte van hierdie maatreëls moet die regering steeds R243 miljard in 2019/20, R253 miljard in 2020/21 en R252 miljard in 2021/22 leen. Bruto skuld stabiliseer teen 60,2 persent van die bruto binnelandse produk (BBP), effens hoër as die MTBPS ramings. Die regering is verbind tot die versigtige bestuur van skuld in 'n omgewing van groot onsekerheid ■



# BOODSKAP VANAF DIE MINISTER

**Hierdie begroting beskryf 'n reeks ekonomiese en fiskale maatreëls wat daarop gemik is om die Suid-Afrikaanse ekonomie op 'n nuwe trajek te plaas en langtermynrisiko's vir die land se openbare finansies te verminder. Die regering se sentrale ekonomiese doelwit bly die versnelling van gebalanseerde, volhoubare en billike groei.**

Met die bestuur van openbare finansies, is die hoofdoel om te verseker dat dit volhoubaar is, en dit kan gedoen word deur die gaping tussen uitgawes en inkomste op volhoubare vlakke te plaas en staatskuld te stabiliseer.

Ons moet dit alles in 'n baie moeiliker plaaslike en globale omgewing doen. Ons het ekonomiese groei vir hierdie jaar afwaarts hersien, teenoor wat ons in Oktober met die voorlegging van die Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring in die Parlement beraam het. Dit is as gevolg van 'n stadige herstel in plaaslike belegging en indiensneming, sowel as 'n minder ondersteunende handelsomgewing wêreldwyd.

Die swak ekonomiese prestasie beteken dat die regering nie die inkomste, hoofsaaklik belasting, soos aanvanklik in Oktober verlede jaar verwag is, sal kan invorder nie. Daarbenewens is sommige van die groot staatsbeheerde maatskappye, waarvan die grootste Eskom is, in 'n nypende finansiële posisie, en vereis dus meer staatsbefondsing. Om ruimte vir hierdie befondsingstekorte te skep, moes ons fondse van ander uitgawes skuif. Ons het ook aanpassings aan die belastingkant gedoen. Die verskuiwing van fondse is gedoen op 'n manier wat die uitgawes wat armes bevoordeel, beskerm ■

# VERSNELDE BELEISDSHERVORMINGS VIR EKONOMIESE GROEI



**Die bevordering van Suid-Afrika se ekonomiese groei, wat noodsaaklik is vir werkskepping en die verbetering van lewenstandaarde van die mense, vereis 'n reeks ingrypings en hervormings.**

Hervormings wat in die President se ekonomiese stimulus en herstelplan aangekondig is om onsekerheid oor die beleid te verlig en groei te bevorder, het positiewe resultate begin opgelewer, waaronder:

- **Visa wysigings:** Die regering het veranderinge aan die Immigrasiewet van 2002 aangebring om dit vir toeriste, sakemense en beleggers makliker te maak om Suid-Afrika te besoek. Hierdie veranderinge kan toerisme-, sake- en beleggingsaktiwiteite verhoog, wat goeie bronne van werkskepping is.
- **Telekommunikasiespektrum:** Die lisensiëring van hoë-aanvraag spektrum sal hierdie jaar 'n aanvang neem en die proses behoort in 2020/21 voltooi te wees.
- **Mynboubeleid:** Die regering het 'n nuwe Mynbouhandves uitgereik. Die Minister van Minerale Bronne het aangedui dat die omstrede wysigings aan die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne (2002) nie langer in pas is met beleidvoorneme nie. Aparte wetgewing vir die regulering van olie en gas word huidiglik ontwikkel in samewerking met verskeie belanghebbendes.
- **Verkryging:** 'n nuwe Wet op Openbare Verkryging, wat verskillende verkrygingswette in 'n enkele raamwerk sal konsolideer, word gefinaliseer. Wysigings in die wetsontwerp sal toelaat vir beter deelname van swart-, jeug- en besighede in vroue besit, aan staatsaankope ■



# DIE REGERING VERSTERK BESTUUR EN BEVEG KORRUPSIE

**Doeltreffende en effektiewe bestuur van staatsbeheerde maatskappye (SOCs) soos Eskom, Transnet en die Suid-Afrikaanse Lugdiens wat vervoernetwerke, grootmaatinfrastruktuur, energie en tegnologie verskaf, kan positief bydra tot die groei en ontwikkeling van die land.**

Vandaar dat die regering groot hervormings begin het om finansies en operasionele bestuur in sukkelende SOCs te verbeter deur die Presidensiële Raad vir Staatsbeheerde Maatskappye te vestig. Die Raad sal die rolle van SOCs hersien en toesig hou oor die implementering van die nodige hervormings. Die regering is besig om nuwe leierskap in groot SOCs aan te stel om bestuur te versterk. Verder, word aanklagte teen korrupte amptenare ondersoek ■

# SANITÊRE PRODUKTE VIR DIE JONG MEISIES BY DIE ARMSTE SKOLE



**In 2019/20 sal die regering die sanitêre waardigheidsprojek bekendstel wat gratis sanitêre produkte aan meisies in die land se armste skole sal voorsien (kwintiele 1, 2 en 3).**

R157 miljoen is in 2019/20 uit die provinsiale billike deel toegeken. Die resultate van die eerste jaar van die projek sal gebruik word om die totale projekkoste oor die volgende paar jaar te bepaal ■

# NEEM DIE BEGROTING NA DIE MENSE

**In samewerking met die burgerlike samelewingsorganisasies wat IMALI YETHU insluit, gaan die regering voort met die uitreikingsgeleenthede regoor die land om gemeenskappe oor die openbare finansies in te lig.**

Die Vulekamali aanlynportaal het sedert die bekendstelling in Februarie 2018, die hoofbron van deursigtige, verbruikersvriendelike inligting geword vir die publiek om meer te leer oor hoe die regering die begroting opstel, en openbare fondse bestee.

Let op nuwe ontwikkelings en opkomende geleenthede in jou provinsie deur **www.vulekamali.gov.za** te besoek ■



# REGERING SE INFRASTRUKTUURBELEGGING



**Inskrywing by openbare universiteite het die afgelope 15 jaar toegeneem. Daar is nou 'n tekort aan veilige en bekostigbare studentebehuising by universiteite.**

In 2019/20 sal die regering R105 miljoen vir die Studentebehuisingsinfrastruktuur-program voorsien, om 3 studente-behuisings projekte by die Universiteit van Sefako Makgatho Gesondheidswetenskappe, Nelson Mandela Universiteit en Vaal Universiteit van Tegnologie, te voltooi. Oor die volgende 10 jaar beplan hierdie program om 300 000 nuwe beddens by 26 openbare universiteite en 50 TVET-kolleges, te voorsien. Hierdie program val onder die Begrotingsfasiliteit vir Infrastruktuur, 'n inisiatief om die gehalte van infrastruktuurbesteding te verbeter, wat in die 2017 Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring (MTBPS) bekend gemaak is.

In 2018 het die President 'n Infrastruktuurfondsinisiatief aangekondig wat voortbou op pogings om die lewering van openbare infrastruktuur te transformeer. Die inisiatief moedig samewerking tussen die openbare sektor en die privaatsektor aan, ten opsigte van die beplanning en implementering van infrastruktuurprojekte. Die regering sal die inisiatief met R100 miljard oor 10 jaar subsidieer. Deur die Nasionale Tesourie, sal die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika, medefinansiering van projekte met die privaatsektor en ander ontwikkelings-finansieringsinstellings lei ■

# MAATSKAPLIKE TOELAES OM DIE ARMES TE BEVOORDEEL


In 2019/20 sal die regering die kindersorgsubsidies met R20 per maand, die pleegsorgtoelae met R40 per maand en die ouderdomstoelaag met R85 per maand verhoog.

Teen 2021/22 sal 18.6 miljoen Suid-Afrikaners maatskaplike toelaes ontvang, met die kinderondersteuningstoelaag wat sowat 13,1 miljoen kinders bereik en die ouderdomstoelaag wat 3.9 miljoen begunstigdes bereik ■


| | 2018/19 | 2019/20 |
|---|---|---|
| Staatsouderdomstoelae | R1 695 | R1 780 |
| Staatsouderdomstoelae ouer as 75 | R1 715 | R1 800 |
| Oorlogsveteranetoelae | R1 715 | R1 800 |
| Ongeskiktheidstoelae | R1 695 | R1 780 |
| Pleegsorgtoelae | R960 | R1 000 |
| Sorgafhanklikheidstoelae | R1 695 | R1 780 |
| Kinderonderhoudstoelae | R405 | R425 |

# WAAR KOM DIE GELD VANDAAN EN HOE SAL DIT IN 2019/20 BESTEE WORD


## STAATSBRONNE VAN INKOMSTE IN 2019/20




## STAATSBESTEDING IN 2019/20




# REGERINGS NIE-RENTE EN RENTEBETALINGS AS 'N AANDEEL VAN TOTALE UITGAWES




* Nie-rente uitgawes is totale uitgawes deur die regering uitgesluit rente betaal op skuld

# 2019 BELASTING VOORSTELLE

SARS At Your Service

Persoonlike Inkomstebelasting

## HOE BEÏNVLOED DIE VERANDERING IN PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING JOU?

Die 2019 begroting maak voorsiening vir 'n toename in persoonlike inkomstebelastingkortings. Die bedrag wat 'n individu kan verdien, voordat hy verplig word om belasting te betaal, is soos volg aangepas vir die belastingjaar 1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020.

| BELASTINGDREMPELS | BELASTINGJAAR 2018/19 | BELASTINGJAAR 2019/20 |
|---|---|---|
| Onder die ouderdom van 65 | R78 150 | R79 000 |
| Ouderdom 65 tot 74 | R121 000 | R122 300 |
| Ouderdom 75 en ouer | R135 300 | R136 750 |

*Die nuwe belastig drempels is as gevolg van toenames in belastingkortings vir individuele belasting betalers*

| BELASTINGKORTINGS | BELASTINGJAAR 2018/19 | BELASTINGJAAR 2019/20 |
|---|---|---|
| Primêr (ouderdom onder 65) | R14 067 | R14 220 |
| Sekondêr (ouderdom 65 en ouer) | R7 713 | R7 794 |
| Tersiêr (ouderdom 75 en ouer) | R2 574 | R2 601 |

Sondebelasting

## TOENAME IN BELASTING OP ALKOHOL EN TABAK

Spesifieke aksynsbelasting op alkoholiese drankies en tabakprodukte sal met tussen 7.4 en 9 persent verhoog.

| | VERHOOG MET |
|---|---|
| Moutbier | 12c per 340ml blikkie |
| Ongefortifiseerde wyn | 22c per 750ml bottel |
| Gefortifiseerde wyn | 37c per 750ml bottel |
| Vonkelwyn | 84c per 750ml bottel |
| Appelbier en alkoholiese vrugte drankies | 12c per 340ml blikkie |
| Sterk drank | R4.54 per 750ml bottel |
| Sigarette | R1.14 per pakkie van 20 |
| Sigarettabak | R1.29 per 50g |
| Pyptabak | 45c per 25g |
| Sigare | R7.41 per 23g |

Belastingskale

### DIE NUWE BELASTINGSKALE

*Belasting betaalbaar deur individue vir die belastingjaar wat eindig tussen 1 Maart 2019 en 29 Februarie 2020.*

| Belasbare Inkomste (R) | Belasting Betaalbaar (R) |
|---|---|
| 0 tot 195 850 | 18% van belasbare inkomste |
| 195 851 tot 305 850 | 35 253 + 26% van belasbare inkomste hoër as 195 850 |
| 305 851 tot 423 300 | 63 853 + 31% van belasbare inkomste hoër as 305 850 |
| 423 301 tot 555 600 | 100 263 + 36% van belasbare inkomste hoër as 423 300 |
| 555 601 tot 708 310 | 147 891 + 39% van belasbare inkomste hoër as 555 600 |
| 708 311 tot 1 500 000 | 207 448 + 41% van belasbare inkomste hoër as 708 310 |
| 1 500 001 en hoër | 532 041 + 45% van belasbare inkomste hoër as 1 500 000 |
| Trusts, uitgesluit spesiale trusts | belasting koers 45% |

### INKOMSTE BELASTING: MAATSKAPPYE

*Finansiële jaar wat op enige datum tussen 1 April 2019 en 31 Maart 2020 eindig.*

| Tipe | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| Maatskappye | 28% van belasbare inkomste |

### INKOMSTE BELASTING: KLEINSAKEKORPORASIES

*Finansiële jaar wat op enige datum tussen 1 April 2019 en 31 Maart 2020 eindig.*

| Belasbare inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| 0 – 79 000 | 0% van belasbare inkomste |
| 79 001 – 365 000 | 7% van belasbare inkomste hoër as 79 000 |
| 365 001 – 550 000 | 20 020 + 21% van belasbare inkomste hoër as 365 000 |
| 550 001 en hoër | 58 870 + 28% van die bedrag hoër as 550 000 |

### OMSETBELASTING VIR MIKRO-BESIGHEDE

Finansiële jaar wat op enige datum tussen 1 Maart 2019 and 29 Februarie 2020 eindig.

| Belasbare inkomste (R) | Belastingskaal (R) |
|---|---|
| 0 – 335 000 | 0% van belasbare inkomste |
| 335 001 – 500 000 | 1% van belasbare inkomste hoër as 335 000 |
| 500 001 – 750 000 | 1 650 + 2% van belasbare inkomste hoër as 500 000 |
| 750 001 en hoër | 6 650 + 3% van belasbare inkomste hoër as 750 000 |

Brandstofheffing

## TOENAMES IN BRANDSTOFHEFFINGS

Die algemene brandstofheffing gaan met 15 sent per liter toeneem en die padongelukkefondsheffing met 5 sent. Dit verhoog:

- Die algemene brandstofheffing na R3.52 per liter petrol en R3.37 per liter diesel
- Die padongelukkefondsheffing na R1.98 per liter, beide vir petrol en diesel
- Koolstofbelasting op brandstof van 9c per liter op petrol en 10c per liter op diesel sal op 5 Junie 2019 in werking tree.

*Die heffings toenames tree op 3 April 2019 in werking.*